AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Prinsipaal: Verpleegkunde*

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ŉ pos vir ŉ prinsipaal: Verpleegkunde in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar. Die pos sal in Pretoria gesetel wees en die **aanvangsdatum is Januarie 2027**.

## POSDOELSTELLING

Die prinsipaal: Verpleegkunde is verantwoordelik vir die akkreditering, uitbouing, bestuur en die oorhoofse toesig van die program. Verder is die prinsipaal verantwoordelik daarvoor om sterk akademiese leierskap in die vakgebied te toon en te bevorder.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Vestig Verpleegkunde binne Akademia en in die breër hoëronderwysgemeenskap.
- Bestuur die ontwikkeling van die program in die Fakulteit Natuurwetenskappe.
- Beplan en bestuur, in samewerking met die betrokke afdeling(s), prosesse van Die Raad op Hoër Onderwys en die Suid-Afrikaanse Verplegingsraad.
- Bevorder effektiewe interne en eksterne kommunikasie.
- Verseker die uitvoering van die strategie by die instelling.
- **Akademiese leierskap:** Lei opvoedkundige opleiding en kliniese leer en verseker dat programme belyn is met die standaarde van verpleegkundige regulatoriese liggame (bv. die Suid-Afrikaanse Verplegingsraad).
- **Administratiewe bestuur:** Hou toesig oor die daaglikse bedrywighede, insluitend begroting, hulpbrontoewysing en fasiliteitsbestuur.
- **Personeelbestuur:** Hanteer werwing, mentorskap en professionele ontwikkeling vir dosente en kliniese instrukteurs.
- **Akkreditasie en nakoming:** Handhaaf gehalte-onderwysstandaarde, ontwikkel beleide en koördineer met regulatoriese instellings.
- **Studenteondersteuning en welstand:** Moniteer akademiese prestasie, verseker veilige kliniese plasing en lei studente.
- **Belanghebbendebetrokkenheid:** Vestig verhoudings met plaaslike gesondheidsorgfasiliteite, hospitale en die gemeenskap om praktiese opleidingsgeleenthede te verseker.

## POSVEREISTES

- meestersgraad in Verpleegkunde, doktorsgraad (voordeling)
- Nagraadse Diploma in Verpleegkunde-onderwys
- lid van die Suid-Afrikaanse Verplegingsraad
- minstens drie jaar ervaring in die onderrig/opleiding van verpleegkunde
- bewese kennis en ervaring in programontwikkeling
- ŉ kwalifikasie in bestuur
- ervaring en kennis van gesondheidswetenskappesillabusse en programme binne die raamwerk van hoër onderwys
- kennis van verpleeg-, gesondheids- en ander wetgewing relevant tot gesondheidswetenskappe-onderrig

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

## VAARDIGHEDE

- uitstekende leierskap- en bestuursvaardighede
- die vermoë om konstruktief met mense om te gaan
- die vermoë om die verband tussen verpleegkunde en die veelheid van ander dissiplines aan Akademia raak te sien en uit te bou
- uitstekende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede
- die vermoë om mededingende eise te hanteer
- goeie delegeringsvaardighede
- die vermoë om buigsaam en aanpasbaar by veranderende omstandighede te wees
- die vermoë om prosesse te ontwikkel en te implementeer
- die vermoë om inisiatief te neem en oplossings te vind

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 14 Junie 2026 ingedien word. Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.